

# Ontdek weer die **wonder** van God

P S A L M 1 9







# Psalm 19

- Skepping

1 Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.
2 Die hemel getuig van die mag van God,
die uitspansel maak die werk van sy hande
bekend.
3 Die een dag gee die berig deur aan die ander
en die een nag deel die kennis aan die
volgende mee.
4 Sonder spraak en sonder woorde,
onhoorbaar is hulle stem.

Psalm 19

5 Tog gaan daarvan 'n boodskap uit
oor die hele wereld
en hulle taal bereik die uithoeke van die aarde.
Vir die son is daar in die hemel 'n tent opgeslaan.
6 As hy stralend begin om sy baan te volg,
is hy soos 'n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom.
7 Aan die een kant van die hemel kom hy op
en aan die ander kant gaan hy onder,
en niks ontkom aan sy gloed nie.

Psalm 19



# Psalm 19

- Skepping
- Woord

8 Die woord van die Here is volmaak:
dit gee lewe.
Die onderwysing van die Here is betroubaar:
dit gee wysheid aan die wat nog onervare is.
9 Die bevele van die Here dui die regte koers aan:
dit bring blydskap.
Die gebod van die Here is helder:
dit gee insig.

Psalm 19

10 Die eise van die Here vir sy diens is goed:
dit staan altyd vas.
Die bepalings van die Here is reg:
elkeen van hulle is regverdig.
11 Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud,
soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek.
12 U dienaar laat hom daardeur leer.
Wie dit alles onderhou, groot is sy beloning.

Psalm 19

# Nederlandse Geloofsbelydenis - Artikel 2: Die middele waardeur ons God ken

EERSTENS deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wereld. Dit is immers voor ons oe soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus se (Rom 1:20). Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te
ontneem.

# Nederlandse Geloofsbelydenis - Artikel 2: Die middele waardeur ons God ken

**TWEEDENS** maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend en wel soveel as wat vir ons in hierdie lewe tot sy eer nodig is en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.



# Psalm 19

- Skepping
- Woord
- Reaksie

13 Wie sien sy eie dwalinge raak?
Moet my tog nie straf vir sondes wat ek onwetend gedoen het nie.
14 Weerhou my van opsetlike sondes,
laat hulle nie oor my heers nie.
Dan sal ek onberispelik wees
en vry van hierdie groot sonde.
15 Mag wat ek se en wat ek dink
tog vir U aanneemlik wees,
Here, my Rots en my Verlosser.

Psalm 19




Johannes 1:1-5

[1]In die begin was die Woord daar, en die Woord
was by God, en die Woord was self God. [2]Hy
was reeds in die begin by God. [3]Alles het deur
Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat
bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. [4]In
Hom was daar lewe, en die lewe was die lig vir
die mense. [5]Die lig skyn in die duisternis, die
duisternis kon dit nie uitdoof nie.

## Johannes 1:14-15

14 Die Woord het mens geword en onder ons kom
woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die
heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die
Vader het, vol genade en waarheid.
15 Johannes getuig van Hom en roep uit: "Dit is Hy
wat ek bedoel het toe ek gese het: Hy wat na my
kom, is my voor, want Hy was voor my reeds
daar."



## Johannes 1:16-18

[16]Uit sy oorvloed het ons almal genade op
genade ontvang. [17]God het die wet deur Moses
gegee; die genade en die waarheid het deur
Jesus Christus gekom. [18]Niemand het God ooit
gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die
naaste aan die Vader is, die het Hom bekend
gemaak.



# In verwondering...



# Ontdek weer die *wonder* van God

PSALM 19